

20/11/2025

Pensioenverhoging - 1 Januarie 2026

Geagte Pensioenaris

U pensioenverhoging wat vanaf 1 Januarie 2026 geldig is, neem onder andere die volgende in ag:

1. Die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid
2. Beleggingsopbrengste en rentekoerse
3. Die finansiële volhoubaarheid van die Fonds

Pensioenverhogingsbeleid:

Die Pensioenverhogingsbeleid van die Fonds is 'n formele bevestiging van die rasionaal wat toegepas word om die jaarlikse verhoging wat aan pensioenarisse toegeken word, vas te stel.

In die April 2025 nuusbrief het ons aangedui dat die Raad van Trustees 'n verbetering in die pensioenverhogingsbeleid goedgekeur het en dat die pensioenverhogings doelwit verhoog word vanaf 80% na 100% van prys inflasie (VPI) tot en met die voorafgaande 30 Junie. Die verhogingsdoelwit van 100% van VPI sluit die waarde van enige bonus wat toegeken is in. Die pensioenverhoging is onderhewig aan bekostigbaarheid soos bepaal deur die Aktuaris, inaggenome die beleggingsopbrengste en die finansiële volhoubaarheid van die Fonds.

Beleggingsopbrengste en rentekoerse:

Die beleggingsopbrengste op die bates van die pensioenarisse het 9.4% per jaar beloop vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Die Fonds moes 'n beleggingsopbrengs van 6.4% per jaar verdien het om die huidige vlak van pensioene vanuit beleggingsopbrengste alleenlik te ondersteun. Die beleggingsopbrengs het derhalwe 3.0% bygedra tot die verhoging in pensioene.

Die aanspreeklikheidsgedrewe beleggingstrategie wat op die bates van die pensioenarisse toegepas word beteken dat beleggingsopbrengste nie in isolasie beskou moet word nie, maar eerder tesame met die *verandering* in die waarde van die beloofde voordele (laste). Dit is omdat 'n groot deel van die bates (effekte) op 'n soortgelyke wyse beweeg as die waarde van die laste wanneer rentekoerse verander. Wanneer rentekoerse styg, verminder die waarde van beide die bates en die laste en omgekeerd.

Finansiële volhoubaarheid van die Fonds:

Wanneer die Raad van Trustees die jaarlikse pensioenverhoging oorweeg, is 'n primêre oorweging die finansiële volhoubaarheid van die Fonds. Die Fonds se beleggingstrategie en reserwes het gehelp om die Fonds se beleggingsopbrengste te beskerm teen die impak van die Covid-19 pandemie. Die voorlopige vlak van befondsing van die rekening oorskrei 100% soos op 30 Junie 2025. Die Pensionaris Rekening bly derhalwe in 'n uiters goeie finansiële posisie.

Pensioenverhoging en bonus

As gevolg van die vlak van die surplus in die Fonds was die Die Raad van Trustees in staat om 'n pensioenverhoging toe te staan wat hoër is as die pensioenverhogingsbeleid van die Fonds. Soos reeds genoem, teiken die beleid 'n pensioenverhoging van 100% van prysinflasie, insluitend die waarde van enige bonus. 'n Gedeelte van die geteikende pensioenverhoging kan vir 'n bonus verruil word.

Aangesien die Pensioenaris Rekening voorgaan om 'n hoë vlak van surplus te toon, het die Raad van Trustees besluit om 'n pensioenverhoging toe te staan wat die verhogingsdoelwit van 100% van VPI oorskrei.

Dit is vir my aangenaam om te bevestig dat u bruto pensioen verhoog word met **4%** vanaf 01 Januarie 2026. Hierdie pensioenverhoging verteenwoordig 'n verhoging van 100% van die jaar-tot-jaar VPI tot Junie 2025 plus n verdeling van surplus vanaf die Pensioen Rekening aan pensionarisse tot die waarde van R11.3 miljoen. Die verhoogde pensioen sal op u Januarie 2026 betaalstrokie getoon word.

U sal ook 'n bonus van 100% van u bruto Desember pensioen ontvang wat gedurende Desember 2025 betaalbaar is. Hierdie bonus verteenwoordig 'n verdere verdeling van surplus aan pensionarisse tot die waarde van R11.7 miljoen. U Desember betaalstrokie sal u bonusbetaling weerspieël. Let daarop dat daar geen verpligting op die Fonds is om bonusse te betaal nie en daar moet derhalwe nie 'n verwagting wees dat die betaling van bonusse noodwendig in die toekoms herhaal gaan word nie.

Die pensioenverhoging en bonus is gelykstaande in waarde aan 'n verhoging van 167% van VPI tot Junie 2025. Dit oorskry die teiken van 100% van prysinflasie as gevolg van die bykomende verdeling van surplus om die pensioenverhoging, wat meer is as die doelwit, asook die bonusbetaling te finansier.

Die Raad van Trustees is verheug dat hulle instaat was om die surplus te versprei wat gelei het tot 'n hoër pensioenverhoging en bonus die jaar. Die Raad herinner pensionarisse dat die Pensioenverhogingsbeleid onveranderd bly en dat die toekenning van die bykomende pensioen verhoging die jaar, nie 'n presedent skep nie. Pensionarisse moet derhalwe nie verwag dat toekomstige pensioenverhogings noodwendig die Fonds se pensioenverhogingsdoelwit sal oorskrei nie aangesien verskeie faktore, soos hierbo genoem, in ag geneem word wanneer die pensioenverhogings elke jaar vasgestel word.

Namens die Trustees wil ek u en u familie die beste toewens oor die feestyd en vir die komende jaar.

Die uwe



Johan Jacobs
Voorsitter